**Verbum et Ecclesia**
ISSN: (Online) 2074-7705, (Print) 1609-9982



# Voorwoord: Diakonaat herontdek?

**Author:**
Johannes J. Knoetze[1]

**Affiliation:**
[1]Department of Practical Theology and Mission Studies, Faculty of Theology and Religion, University of Pretoria, Pretoria, South Africa

**Corresponding author:**
Johannes Knoetze,
johannes.knoetze@up.ac.za

**How to cite this article:**
Knoetze, J.J., 2023, 'Voorwoord: Diakonaat herontdek?', *Verbum et Ecclesia* 44(1), a2858. https://doi.org/10.4102/ve.v44i1.2858

**Copyright:**
© 2023. The Authors. Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

Hierdie spesiale uitgawe het ten doel om vas te stel wat is die verstaan en teologie wat verband hou met die diakonale bediening binne vyf van die Afrikaanssprekende kerke in Suid-Afrika. Dit is ʼn navorsingprojek van die Universiteit van Pretoria wat gedeeltelik befonds is deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die doel van die navorsing oor die diakonaat is dat die projek sal uitbrei om later al die kerke in Suid Afrika in te sluit.

Die skrywers van die artikels in hierdie spesiale uitgawe is navorsers aan verskillende fakulteite van teologie, terwyl ander praktiserende teoloë in die verskillende Afrikaanse kerke is. Soos die projek groei, sal ook navorsers uit ander kerke, vakgebiede en instansies betrek word. Die doel van die artikels is nie om ʼn volledige oorsig van die projek of die diakonaat te gee nie, maar om die verskuiwings, of gebrek aan verskuiwings, rakende die diakonale bediening binne die (Afrikaanssprekende) kerk te ondersoek. Aspekte soos nuwe verhoudinge tussen kerk en staat en groot demografiese skuiwe in die kerk en die samelewing in Suid-Afrika vorm onder meer die motivering vir die studie.

Die temas wat ondersoek word, hou almal verband met teologie, geskiedenis en die verstaan van die diakonale bediening van die kerk binne die veranderende Suid-Afrikaanse samelewing en kerklike konteks. Diakonaat soos die ander bedieninge in die kerk is nie ʼn geïsoleerde bediening nie, maar hou verband met onder meer *kerugma, koinonia* en *leitourgia*. Diakonaat is die praktiese vergestalting van ʼn dinamiese netwerk van teologiese en sosiale netwerke in ʼn diverse kulturele, sosio-politieke konteks. Daarom kan navorsing oor diakonaat nie in isolasie van ander bedieninge, of konsteksloos, gedoen word nie. word nie. Dit moet altyd ondersoek word in verhouding tot ander/alle sosio-ekonomiese kwessies wat in die Suid Afrikaanse konteks baie gekleur word deur faktore soos ras, geslag, vermoë en gestremdheid, en ruimte(s).

Samevattend, die doel van hierdie spesiale (Afrikaanse) uitgawe is nie om die navorsing oor diakonaat in enige rigting te stuur nie, en dit maak ook nie aanspraak op ʼn volledige beskrywing van die diakonaat binne die Afrikaanssprekende kerk nie. Dit is eerder die vertrekpunt om ʼn ruimte te skep vir die navorsing oor die diakonaat in Suid Afrika. En om in hierdie en opvolgende fases van die navorsing *diakonaat* so wyd en diep as moontlik te interpreteer in die oortuiging dat moontlike nuwe en alternatiewe perspektiewe oor diakonaat binne die Afrika-konteks slegs voordelig kan wees vir die kerk.

**Read online:**
Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

**Note:** Special Collection: Diakonia.